**Grafte van gulsigheid**

**Num 11:1-34**

**6 Junie 2021**

1. Num 11-12: Trek van Sinai tot in Paranwoestyn. Drie insidente: Tabera (Num 11:1-3), Kibrot-Taäwa (Num 11:4-34), Mirjam/Aäron se opstand by Gaserot (Num 12:1-16)
2. Teleurstellend: 3 opstande kort na die hoogtepunt in Num 10
3. Tabera (Num 11:1-3):
    a. Gaan sleg met volk, hulle verwyt die Here
    b. Die Here stuur vuur na die kant van die kamp
    c. Volk kla by Moses, Moses gaan na die Here, die vuur gaan dood
4. Kibrot-Taäwa (Num 11:4-34)
    a. "Rabble"/volk wil vleis hê, verveeld met manna (vgl Ps 78:24-25), kla by hulle tente (v4-10)
    b. Moses kla by die Here (v11-15): onredelik om alleen verantwoordelik te wees vir die volk
    c. Antwoord van die Here (v16-20): 70 oudstes om Moses te help, vleis vir 'n maand lank vir die volk – maar hulle sal daarvan walg
    d. Aanwys van die 70 oudstes (v24-30)
    e. Stuur van kwartels (v31-34) – die volk vergryp hulle in gulsigheid, toorn van die Here ontvlam, baie sterf
5. Betekenis van die gebeure:
    a. Oorsprong van die probleem is by die volk, nie by die Here nie
    b. Wat is die probleem? Volk wil die goeie van Egipte hê, sonder die swaar / hulle wil die beloofde land hê, sonder die woestyntog
    c. Doel van die woestyntog: hulle moet God leer ken – Sy verlossing, Sy uitverkiesing, Sy genade, Sy versorging, Sy teenwoordigheid in hulle midde
    d. Tragedie: Volk sien water, manna, kwartels – i.p.v. die Here daar agter:
        i. Hulle kla nie by die Here nie, maar by hulle tente
        ii. Hulle vergryp hulle aan die kwartels (vertrou nie die Here se verdere voorsiening nie)
    e. God se oordele word strenger met verloop van tyd
6. Voorbeelde en waarskuwings vir ons (1 Kor 10:11)
    a. OT volk is 'n tipe van NT kerk
    b. God se plan vir kerk: groot groep in heerlikheid in die hiernamaals waar die Here by hulle sal woon – waar hulle Hom sal verheerlik weens hulle belewing van Sy bemoeienis tydens hulle aardse lewens
    c. Sien die kerk die Here se plan en Sy bemoeienis? Of net fisiese dinge?
        i. Wat is die fokus in voorspoedgodsdiens?
        ii. Wat is die fokus van ons gebede?
        iii. Hoeveel fokus op finansies vs uitdra van evangelie/geestelike groei?
        iv. Is toegewyde leiers moedeloos soos Moses?
    d. NT perspektief:
        i. 1 Kor 15:19 – moet nie net vir hierdie lewe op Christus vertrou nie
        ii. Ef 1:18-19 – Paulus se gebed vir die Efesiërs
        iii. Heb 10:23 – hou styf vas aan die hoop
        iv. 1 Pet 3:13-17 – wees gereed om jou hoop te verduidelik aan die wat vra